


## B. Oordeëls profesie (1-35:10) | Jerusalem se toekomstige herstel (2:5 – 4:1)

### 1. Historiese oorsig



### 2. Mikro kosmos (dag 1 en 2)

Dag 1: EK IS, jy is en tog.. (Jes 1:1-20)

Dag 2: Vrygekoopte, keer terug en leef só dat die nasies na die HERE se huis toe wil stroom (Jes 1:21-2:5)

## B.a. Dag 3: Ruil wat jy het vir vlermuise?

**Die kern van sonde is, dat die mens, die heerlikheid en verhewe glansrykheid van die onsterflike God, verruil vir sy eie eer in geld, mag, afgode en mense.**

### 1. Die land is vol eie eer, maar leeg 1:4 andersom

- 1e 6 Ja, U het u volk, die huis van Jakob, **verlaat**
- 1a omdat daar **soveel** voorspellers uit die Ooste by hulle is, en **soveel** mense wat voortekens lees soos by die Filistyne; en van die nageslag van vreemdes het hulle 'n **oorvloed**.
- 1b 7 Hulle land **is vol silwer en goud** – daar is **geen einde** aan hulle skatte nie.
- 1c Hulle land **is vol perde** – daar is **geen einde** aan hulle strydwaens nie.
- 1d 8 Hulle land **is vol nuttelose afgode**; voor hulle handewerk buig hulle in aanbidding, voor dit wat hulle vingers gemaak het.
- 9 Mense het neergebuig, manne het hulleself verneder.  
U moet hulle nie vergewe nie!

16 Hy mag net nie baie perde aanskaf nie... van silwer en goud mag hy ook nie te veel aanskaf nie (Deut 17:16)

1 Wee hulle wat na Egipte afgaan vir hulp, wat op perde staatmaak... (Jes 31:1)

3 Jy mag naas My nie ander gode hê nie. (Eks 20:3)

### 2. Hoogmoed: Die HERE alleen sal verhewe wees

- 10 Gaan skuil tussen die rotse, kruip weg in die grond uit vrees vir die **HERE**,  
vanweë sy verhewe glansrykheid!

H3068, Yehovah (Verbondsgod)

ook vers 19 en 21

11 Die trotse oë van mense word verneder,  
die hoogmoed van manne word neergeslaan.

H6635, Heerser

Die **HERE** alleen sal verhewe wees op daardie dag.

12 Die **HERE**, Heerser oor alle magte,  
hou immers 'n dag gereed

teen alles wat **verwaand en hoog** is,  
teen alles wat **verhewe** is –

dit sal neergeslaan word –

13 teen al die **hoë en verhewe** seders van die Libanon,  
en teen al die **eikebome van Basan**,

14 teen al die **hoë** berge

en al die **verhewe** heuwels,

15 teen elke **hoë** toring

en elke **versterkte** stadsmuur,

16 teen al die **handelskepe** en

teen al die **imposante bote**.

17 Die trots van mense word neergeslaan,  
die hooghartigheid van manne

word omskep in vernedering.

Die **HERE** alleen sal verhewe wees op daardie dag.

7 Elkeen wat na my Naam genoem is – tot my eer het Ek hom geskep, hom gevorm, ja, hom gemaak.' (Jes 43:7)

23 Almal het trouens gesondig, en die eer aan God ontbreek by hulle (Rom 3:23)

9 Al die nasies wat U gemaak het, sal kom en voor U, my Heer, in aanbidding buig; hulle sal u Naam eer. (Ps 86:9)

In die laaste dae sal die berg van **die HERE**... bo die heuwels uittoon. Al die nasies sal daarheen stroom (Jes 2:6)

**3. Afgode: Verruil hulle vir vlermuise vanweë sy verhewe glansrykheid**

18 Die nuttelose afgode – met hulle is dit uit en gedaan.

19 Mense sal in die grotte tussen rotse skuilgaan en in

3d gate in die grond,

3c uit vrees vir die **HERE**,

3b vanweë sy verhewe glansrykheid,

3a wanneer Hy opstaan om die aarde te verskrik.

20 Op daardie dag sal mense hulle nuttelose afgode van silwer en hulle nuttelose afgode van goud wat hulle vir hulleself gemaak het om in aanbidding voor te buig, wegwerp vir die rotte en vlermuise – 21 om dan in

3d rotsskeure en holkranse skuil te gaan

3c uit vrees vir die **HERE**,

3b vanweë sy verhewe glansrykheid,

3a wanneer Hy opstaan om die aarde te verskrik.

Die dwaasheid van afgodery word baie keer in die boek aangespreek (hoofstukke 10, 19, 31, 40, 41, 44 en 46)

23 Hulle het naamlik die heerlijkheid van die onsterflike God verruil vir 'n afbeelding soos dié van 'n sterflike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere. (Rom 1:23)

**4. Die mens: 'n Enkele asem, en jy bekommer jou meer oor hom as vir God?**

4b 22 Hou op om julle te bekommer oor die mens; hy is net

4a 'n asem in 'n neus! Ja, waarom moet met hom rekening gehou word?

31 Of julle dan eet of drink of enigiets anders doen, doen alles tot eer van God. (I Kor 10:31)